NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

NOTULE

SPESIALE RAADSVERGADERING

DATUM: 10 APRIL 2014
TYD: 9h30

PLEK: MUNISIPALE RAADSAAL

NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG, 10 APRIL 2014 OM 9h30 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL, SPRINGBOK

SRVN001/04/2014
Presensielys

Teenwoordig

Raadslede: LF Faber (voorsitter)
JF van Wyk
FX Cupido
SWB Lubbe
EF Maritz
S Kleinbooi
G Cloete
SD Hoskin
GY Pieters
HS Apollis
KS Ventura
WS Jordaan
GJ Coetzee
V van Dyk
WJ Goedeman
SJC van Wyk

Amptenare: RC Hartley (Waarnemende Munisipale Bestuurder)
J Mapanka (Hoof: Korporatiewe Dienste)
JS Cloete (Hoof: Tegniese Dienste)
RC Hartley (Hoof: IDP/LED/Behuising)
AM Beukes (Hoof: Interne Oudit Afdeling)
M Booysen (Wnde Hoof: Gemeenskapsdienste)
C Bonn (Afdelingshoof: Projekte)
J van Zyl (Afdelingshoof: Administrasie)

Coghsta: Mnr FE van den Heever
Provinsiale Tesourier: Me L van den Heever
Lede van die publiek

Afwesig met verlof

Raadslid JC Losper
Amptenaar: M Arendse (Tegnikus: Metering en Beveiliging)

SRVN002/04/2014
Opening, verwelkoming en konstituering van vergadering

Raadslid HS Apollis open die vergadering met gebed. Die Voorsitter heet almal teenwoordig, welkom en verklaar die vergadering as wettig gekonstitueerd.

SRVN003/04/2014
Mededelings deur die Burgemeester

Die Burgemeester hou die volgende mededelings voor aan die Raad:

1. Op Maandag, 7 April 2014 was daar ernstige stormweer in Steinkopf in die vorm van harde reën en sterk winde wat die dorp getref het en skade is veroorsaak aan munisipale- en private eiendom.

   Dit sluit in die beskadiging van dakke van enkele huise en lekkasies van dakke en verspoeling (water wat in huise gespoel het), asook verspoeling van strate. Daar is ook beskadiging van stormwater infrastruktuur (wat ook nie te gevorderde infrastruktuur is nie).

   Die Burgemeester en die Wyksraadslede het die dorp besoek saam met die Rampbestuur eenheid en ander staatsdepartemente – die departement verantwoordelik vir Plaaslike Regering en Maatskaplike Dienste om die situasie te bespreek.

   'n Taakspan is daarna saamgestel onder Rampbestuur om 'n kosteberaming te doen, asook aanbevelings te maak oor moontlike remidiërende aksie. Daar is alreeds werkspanne van die munisipaliteit besig om herstelwerk aan strate te doen. Die kosteberaming is egter nog nie gefinaliseer nie.

2. Die Raad het op 26 Maart 2014 besluit dat die LUR, verantwoordelik vir Plaaslike Regering in die Provinsie, gevra word vir 'n ondersoek na die situasie van die munisipaliteit.

   Die nodige korrespondensie is aan hom gerig en gesprekke is ook met hom gevoer. Hy het te kenne gegee dat sy departement alreeds 'n forensiese ondersoek gedoen het oor sekere aspekte van die finansiële sake van die munisipaliteit en dat hy daaroor verslag sal gee, sodra die verslag van die ondersoek gefinaliseer is.

   Hy het ook aanbeveel dat die kwessie van 'n moontlike breër ondersoek met die persoon wat hy as Waarnemende Munisipale Bestuurder gesekondeer het na die munisipaliteit, bespreek moet word, omdat hy ook vantevore by die ondersoeke van Nama Khoi Munisipaliteit betrokke was. Die bestudering van sekere verslae bv. die ouditverslag, maar ook die Artikel 72 verslag.

   In die laaste paar dae vanaf die 27ste Maart 2014 was daar interaksie met die Senior Bestuur, veral rondom die begrotingsproses dui op ernstige gevalle van finansiële wanbestuur wat moontlik in die munisipaliteit plaasgevind het. Deie munisipaliteit het baie ernstige skuldlas en ondersoeke deur private diensverskaffers, soos ouditeursfirmas, maar ook deur die kantoor van die Ouditeur-Generaal kos geld.

   Die ervaring is dat in hierdie geval, die munisipaliteit nie sulke ondersoeke sal kan bekostig nie. Daarom moet daar liewer gebruik gemaak word van Staats-instansies en vir daardie rede is gesprek gevoer met die kantoor van die Openbare

Beskerming om te help met die ondersoek na alle ernstige gevalle. Sodanige ondersoek sal nie koste implikasies vir die munisipaliteit inhou nie, maar terselfdertyd sal die die versekering bied van 'n deeglike ondersoek wat kan lei tot 'n remidiërende aksie rondom die relevante aangeleenthede.

DIE RAAD NEEM KENNIS VAN DIE MEDEDELINGS VAN DIE BURGEMEESTER.

SRVN004/04/2014
Mededelings deur die Speaker

GEEN MEDEDELINGS.

NUWE SAKE

SRVN005/04/2014
Sekondering van Waarnemende Munisipale Bestuurder *(verw nr 7.3.3.1.2)*

Na aanleiding van Raadsbesluit ***SRVN023/03/2014 (26 Maart 2014),*** hou die Burgemeester die volgende skrywe in verband met die sekondering van 'n Waarnemende Munisipale Bestuurder, ontvang vanaf die LUR, aan die Raad voor:

"This communique serves to the request of the Municipality for assistance, with the secondment of an Acting Municipal Manager.

We have considered the request from the Municipality to appoint the Municipal Manager on an Acting capacity for three (3) months.

We are therefore seconding Mr BS Lenkoe in terms of Section 54A (2A)(b) to Nama Khoi Municipality for a period of 3 months, commencing on the 7th April 2014 till 7th July 2014.

We trust the above is in order."

Die Burgemeester gee 'n kort agtergrond van mnr Lenkoe.

Hy is die Hoof van Korporatiewe Dienste by die Departement van COGHSTA. Hy was Waarnemende Hoof van die Departement tot onlangs.

Hy is iemand wat goeie ervaring van Plaaslike Regering het van die korporatiewe wêreld, maar hy het ook jare lank oervaring as Hoof: Direkteur by die Departement.

Mnr Lenkoe verteenwoordig tans vir Nama Khoi Munisipaliteit in Durban waar finale vergaderings rondom MIG befondsing plaasvind. Hy sal in die eerskomende week ten volle met sy werksaamhede begin vir drie maande (April – Junie). Sy salaris word deur COGHSTA betaal.

DIE RAAD NEEM KENNIS.

SRVN006/04/2014
Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2014/2015 *(verw nr 19.1.3.1)*

Mnr RC Hartley rapporteer dat twee rondtes alreeds gedoen is in alle wyke. Hierdie is slegs 'n werksdokument. Raadslede moet dit gaan bespreek in hul wyke vir kommentaar op die dokument.

Wanneer die publieke deelname proses in terme van die konsep begroting vir die finansiële jaar 2014/2015 begin, sal die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan ook beskikbaar wees vir besprekings en byvoegings en gekyk word na die relevansie van die projekte wat gelys is op die GOP in die vorige finansiële jare en ook na die haalbaarheid daarvan.

'n Volledige program sal aan alle Raadslede voorsien word, sodat hulle kan deel uitmaak van die gemeenskapsvergaderings. Alle wyke sal besoek word (insluitend Rooiwal, Goodhouse en Vioolsdrift).

Die dokument sal weer aan die Raad voorgelê word, nadat die gemeenskapsdeelname proses afgehandel is.

BESLUIT

DAT DIE KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN 2014/2015 AANVAAR WORD EN DAT DIT TESAME MET DIE KONSEP BEGROTING 2014/2015 NA DIE GEMEENSKAPPE GENEEM WORD VIR PUBLIEKE DEELNAME.

VOORSTELLER: RAADSLID FX CUPIDO
SEKONDANT: RAADSLID EF MARITZ

SRVN007/04/2014
Konsep Begroting 2014/2015: *(verw. nr 6.1.R)*

Die Burgemeester hou sy Burgemestersverslag voor aan die Raad. ***(Verslag aangeheg).***

NAMAKHOI MUNICIPALITY

MAYOR'S REPORT TO THE MUNICIPAL COUNCIL MEETING OF 10 APRIL 2014 ON THE PREPARATION OF THE BUDGET FOR THE 2014/15 MUNICIPAL FINANCIAL YEAR

Chapter 4 of the Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003, set out the process of municipal budgets.

Section 21(1)(b) of the Act on the budget preparation process states that, "The mayor must at least 10 months before the start of the budget year, table in the municipal council a time schedule outlining the key deadlines" for the relevant process for the preparation, tabling and approval of the annual budget and other related processes.

Section 16 (2) on annual budgets also states that "In order for a municipality to comply with subsection (1), the mayor of the municipality must table the annual budget at a council meeting at least 90 days before the start of the budget year."

Section 27 (1) on non-compliance with provisions of the chapter on municipal budgets also requires that, "The mayor of a municipality must, upon becoming aware of any impending non-compliance by the municipality of any provisions of this Act or any other legislation pertaining to the tabling or approval of an annual budget or compulsory consultation processes, inform the MEC for finance in the province, in writing, of such impending non-compliance."

Due to the fact the municipal council was not functional for a period of more than a year there was non-compliance with the relevant sections as indicated in the second and third paragraphs of this short report. The relevant action is as provided for in section 27(1) in regard to non-compliance was followed and a letter was sent to the MEC with the required schedule attached to it.

The process of preparing a draft budget suitable for tabling at today's council meeting was started on 27 March 2014 and was therefore prepared in a very short space of time. The understanding should be that the draft budget tabled here today is only a working document for publication, consultation and approval as is set out in sections 22, 23 and 24 of the Municipal Finance Management Act.

During interactions with the administration on the budget process it also became clear that the municipality is experiencing a serious debt situation which can even compromise the financial sustainability of the institution. With regard to personnel expenditure it was also established that the municipality is seriously overspending on its personnel budget due to appointments of staff in positions not budgeted for and posts that do not appear on the approved organisational structure.

We therefore want to make the following recommendations to council to assist us to address these challenges:

(a) That the accounting officer should draft a debt redemption strategy to be tabled and approved by council and provided for in the final budget to address the debt situation.
(b) That the accounting officer should start a process of the revision of the approved organisational structure to develop a more cost effective and functional structure for tabling to and approval by council.

We hereby table the draft budget for the 2014/15 financial to council in terms of sections 16(2) and 27(1) of the Municipal Finance Management Act, Act No. 56 0f 2003.

J.F.van Wyk - Mayor

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder hou die konsep begroting sowel as die Tariewelys voor aan die Raad vir duidelikheid.

Hy verwys ook na die Konsep Begroting en die dokumente wat aan die Hoofswepe uitgedeel is as die Begrotingsdokument wat die Raad moet aanvaar.

Na deeglike bespreking is sekere aspekte uitgewys wat aandag moet geniet en het die Raad as volg besluit:

BESLUIT

DAT DIE KONSEP BEGROTING VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR MET ALLE BESPREKINGS EN DIE BURGEMEESTERSVERSLAG AANVAAR WORD AS 'N WERKSDOKUMENT EN DAT DIT GEKOMMUNIKEER WORD MET DIE GEMEENSKAPPE IN DIE VERSKILLENDE WYKE VIR INSETTE. DIE WERKSDOKUMENT SAL VERANDER NADAT PUBLIEKE DEELNAME PROSESSE PLAASGEVIND HET.

VOORSTELLER: RAADSLID EF MARITZ
SEKONDANT: RAADSLID SD HOSKIN

SRVN008/04/2104
Konsep Tariewelys 2014/2015 *(verw nr 6.5.R)*

Die Konsep Tariewelys 2014/2015 is aan die Raad voorgelê vir bespreking.

BESLUIT

DAT DIE KONSEP TARIEWELYS VIR 2014/2015 FINANSIËLE JAAR AANVAAR WORD AS 'N WERKSDOKUMENT.

SRVN009/04/2014
Konsep Beleide

'n Taakspan bestaande uit Raadslede, sal saamgestel word deur die Speaker om deur die beleide te werk en dit weer voorlê aan die Raad, vir goedkeuring.

SRVN010/04/2014
Ouditeur-Generaal: Verslag *(verw nr 6.15.1.1)*

Mnr RC Hartley rapporteer dat reëlings getref word met die Kantoor van die Ouditeur-Generaal om 'n persoon beskikbaar te stel om die verslag aan die Raad voor te hou.

Die amptenare en lede van die publiek word versoek om die Raadsaal te verlaat vir in-komitee besprekings.

VERGADERING VERDAAG.

.....
VOORSITTER/SPEAKER VAN DIE RAAD